Ned. Geref. Kerk Kuilsrivier-De Eike

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
7579 Webwerf : www.ngkeike.co.za
http://www.facebook.com/pages/De-Eike-Gemeente-FB/199958340046137

Leraars: Ds. H Burger Ds. C Barnardo Ds. J Morkel Prop. J Viljoen
☎ 021 903 1798 021 982 7076 021 903 6654 084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818 Ure 08:00 – 12:00	
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818 Ure 08:00 – 12:00	
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677	koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963	
Snr Kategese	Anien Heydenrych	☎ 074 496 6519	
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h) of 021 981 5522 (w)	

Verlede week se erediensbywoning

Oggenddiens: 475
Kinderkerk: 71
Aanddiens: 242

Totaal : 788 van 1716 (45.92%)

4 Junie 2017

Pinksterfees

BIDDAG VIR EKOLOGIE
09:30 Oggenddiens - Pinksterfees
Doop
Deuroffer ten bate van: Zimbabwe, Malawi & Mosambiek Sending
09:30 Kinderkerk en Kleuterkerk – in konsistorie

Erediensspan 3 – Johan Norman

18:00 Aanddiens
Senior kategese na afloop van die Aanddiens
18:45 Belydenisklas van 2016 kom na die aanddiens bymekaar

VANDAG SE DEUROFFER IS TEN BATE VAN

SENDINGWERK IN ZIMBABWE, MALAWI EN MOSAMBIEK

Ons kerkfamilie het reeds in die 19de eeu met werk in dié 3 lande begin.

Ons ondersteun veral teologiese opleiding, mediese dienste by hospitale en klinieke asook literatuur ontwikkeling.

Vir volledige inligting oor die werksaamhede in die onderskeie lande, gaan kyk gerus by www.kaapkerkadmin.co.za/deuroffers/

Kontakbesonderhede: Dr Kobus Odendaal 021-957-7179 missio@kaapkerk.co.za

WEEK SE PROGRAM

Gebedsonderwerp vir die week:

Ons bid vir Jandré wat die afgelope week in De Eike begin werk het

Leesroostertekse vir die week

Ps 8; Gen 1:1-2:4; 2 Kor 13:11-13; Matt 28:16-20

Datum	Tyd	Wie / Wat	Besonderhede
Maandag	19:30	Vroue Bybelstudie kleingroep	Byeenkoms in Moederskamer
05-Jun	19:30	Sportmanne	Bybelstudie byeenkoms in konsistorie
Dinsdag	9:30	Senior Burgers	Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie
06-Jun	19:00	Kerkkoor	Oefening in kerk
	19:00	Pannie se kleingroep	Kleingroepbyeenkoms by Pannie se huis
Woensdag	9:30	Vrouelidmate	Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie
07-Jun	10:00	Othello Aftree-oord	Biduur in eetsaal
Donderdag	9:30	Dienssentrum vir Seniors	Byeenkoms in Moedergemeente se saal Hendriëtte van Rooy - dogter van Marga van Rooy
08-Jun		Sopkombuis	Ronelda Visser, Wilma Matthee, Paula Bester, Mary Abrahams, Jorina Botha, Hester Hill
Vrydag	9:30	Gebedsgeleentheid	Alle lidmate word genooi om te deel in die weeklikse geleentheid in die Moederskamer
09-Jun			
Saterdag			
10-Jun			

VOLGENDE SONDAG SE PROGRAM – 11 Junie 2017	
BIDDAG VIR JEUG EN KATEGESE **09:30 Oggenddiens** **Deuroffer ten bate van: Jeugwerk** **09:30 Kinderkerk en Kleuterkerk – in konsistorie** **Erediensspan 3 – Johan Norman**	**18:00 Aanddiens** **Senior kategese na afloop van die aanddiens**

Nuwe Lidmate

1. Welkom aan alle nuwe De Eike lidmate – skryf gerus u naam in die *Nuwe Intrekkers Registers* by die deure.
2. Die volgende lidmate se lidmaatskapsertifikate is ontvang:
   - Wena Groenewald vanaf Sutherland
   - Blackie Swart vanaf Vrijzee

Verjaarsdae vir die week

04/06 Marlene Bosman, Corné de Kock, Koos Viljoen, Sarie de Milander, Alta Pienaar
05/06 Francois la Grange, Amanda Kotzé, Simoné en Ellenique Boonzaaier, Anton Lloyd
07/06 Riëtte Matthee, Alicia Gourrah, Xander Nell, Natalie van der Merwe, Isabel Pitschlitz
08/06 Lohan Engelbrecht, Carel Rademeyer, Daniel van Niekerk, Chrissie Gerber
09/06 André Penderis, Rene Dippenaar, Linda Coetzee
10/06 Lynette Smith, Engela Franken, Bettie Aucamp, Naomi Olivier, Renier Pienaar, Vikkies Victor

Danksegging en Voorbidding

1. Die volgende babatjie word vanoggend gedoop:
   - Leah Boshoff, dogtertjie van Riaan en Anje. Chris en Carina Barnardo is die grootouers.
2. Anita Jonas (Brackenfell) ondergaan in die komende week mediese toetse.
3. Clariska Kotzé (Angelierstraat 15) het mediese toetse ondergaan.
4. Meyer van der Walt (Othello) is steeds in die hospitaal.
5. Mia Marais, dogter van Albert en Annelie, het verloof geraak aan Gerhard Visagie.
6. Diaan Groenewald, seun van Jaco en Wilma (Steenbok straat 2) is in die hospitaal.
7. Connie Smit (Angelier straat 10) se ma is oorlede.

Van alles en nog wat

1. Versoeke vir **gebedsvoorbidding** kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate : Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820)
2. **Liedere Versoek-boek:** indien daar ’n spesiale lied is wat jy graag wil versoek deur die gemeente gesing moet word, skryf dit gerus in die versoek-boek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. **Die Mediasentrum** is elke Sondag na die erediens oop, gedurende die skoolkwartale.
4. Ons is nog steeds op soek **na ou tydskrifte** om te versprei na minderbevoorregtes. Bring gerus na die kerkkantoor. **Enige ou klere** – somer sowel as winterklere – is ook welkom, sowel as beddegoed, handdoeke, gordyne, ens.
5. Ons herinner lidmate graag aan **bydraes vir die koskas** waaruit kospakkies vir behoeftige lidmate gepak word. Bydraes van enige nie-bederfbare kosprodukte, skoonmaakmiddels en/of toiletware kan in die mandjies by die deure geplaas word of by die kerkkantoor afgegee word.
6. **Alta du Toit Nasorgsentrum Damesoggend – Saterdag 24 Junie 2017** by Nelsons Creek. Kuier saam met Andriette Norman, Illse Roux Bridel Wear en Theresa Benade terwyl jy lekker eetgoed en vermaak gendiet. Kontak Marina by marina@altadutoit.org.za om jou plek te verseker.
7. **Sopkombuis:** Lidmate wat graag ’n brood vir die sopkombuis wil skenk, kan dit in die mandjies by die deure plaas of na die kerkkantoor neem.
8. **Bergsig NG Kerk** bied aan ’n **Vinkel en Koljander Mark**, 7 tot 10 Junie 2017. Handgemaak, geskenke, kos, dekor, lyfsorg, ens. Vir navrae skakel met Edna by 083 302 4838.
9. Die volgende uitgawe van Die Akker verskyn op 25 Junie 2017. Die **sperdatum** vir bydraes is 8 Junie 2017. Bydraes kan by die kerkkantoor ingegee word of stuur per e-pos na ngkeike@cybersmart.co.za.

10. Die volgende Gebedsforum-byeenkoms is vanmiddag om 16:00 by die Christelike Gereformeerde Kerk, Sonnemeisie straat, Kuilsrivier.
11. Tydens die kerkraadsvergadering van 24 Mei 2017 is André Marais verkies tot voorsitter van die Eiendomskommissie.
12. Ds. Chris is volgende week met verlof na die week se Pinksterbyeenkomste. Sy lidmate kan vir Jandré skakel (084 383 7427) as hulle 'n leraar nodig kry.

Die Kommissie vir Vrouelidmate
(voorheen bekend as Vrouediens)

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Not all of us can do great things. But we can do small things with great love.
Mother Teresa

Jandré Viljoen word op Sondagoggend 25 Junie 2017 georden en bevestig as leraar van die gemeente. Hy lewer die volgende Sondag, 2 Julie 2017, sy intreepreek.

Parkering

Ons versoek lidmate om asseblief nie die parkeerplekke wat gereserveer is vir rolstoelgebruikers en ouer lidmate, te gebruik nie. Die reeling geld vir Sondae en gedurende die week.

KINDERKERK

Ek is op soek na iemand wat my van tyd tot tyd by die Kinderkerk kan aflos met die orde van die erediens, sowel as die sang aanbieding (nie prediking nie). Dit sal my in staat stel om meer gereeld die volwasse eredienste by te woon. Ons sing kinderliedjies, en maak gebruik van die volgende cd's : Jan de Wet, Soekie en die Radikids, Oom Karoolus, Nadine Blom en Gwendoline. Indien al hierdie liedjies nie bekend is aan een persoon nie, kan ons altyd bekende liedjies vir daardie persoon uitsoek vir daardie spesifieke Sondag.
Kontak my asseblief by r.odendal@mweb.co.za of 0219034963 of 0829040950.
Riëtta Odendal

DURBANVILLE KINDERHUIS

Wil u graag 'n verskil in 'n kind se lewe maak? Die Durbanville Kinderhuis bied vir u die geleentheid om te help met donasies vir ons kinders.

Ons benodig omgee donateurs wat maandeliks vir een van ons kinders 'n toiletware pakkie sal opmaak, bestaande uit 'n waslap, tandeborsel en tandepasta, badseep, sneesdoekies, sjampoe en opknapper, reukweerder, lyfroom en lip-ice. Addisioneel is daar van tyd tot tyd meer spesifieke behoeftes soos skeermessies, sanitêre doekies, "hair food" en " hair relaxer" nodig.

Kontak asseblief vir Melanie by marketing@durbanvillekinderhuis.org.za of skakel haar op 021 975 6822 sou u 'n bydrae wou maak.

Sterkte aan al die skoliere en student met julle Junie-eksamen.

Senior Kategese

Die volgende vers gee ons vir julle as versterking:

Fil 4:13
"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."

DIE SENIOR KATEGESE BIED AAN

Gesinsdiens op Sondag 25 Junie 2017 om 18:00

Tema: "Sport vir Christus"

Bring jou Pa, Ma, Ouma, Oupa – ag sommer die hele familie geklee in jou sport ondersteuningsdrag en kom luister hoe getuig sportster(re) vir Christus.

Sien jou daar!!!!

BASAAR 2017

Die basaar se netto totaal het intussen gegroei tot R226 951.

Ons inkomste was vanjaar meer as verlede jaar, maar vanweë die groter tente wat ons gehuur het om ekstra spasie te kan hê, is ons netto bedrag ietwat laer as verlede jaar se R237 758.
Weereens baie dankie **aan almal** wat 'n bydrae tot die sukses van die basaar gelewer het.

KONVENORS: ons wil graag volgende Sondag (11 Junie) na afloop van die oggenddiens bymekaar kom om die basaar te evalueer. Kom geniet 'n koppie koffie in die saal en sê jou sê oor vanjaar se basaar en maak voorstelle om volgende jaar s'n nog beter te maak.

AFVAL: aan almal wat teleurgesteld was omdat hulle nie 'n bakkie afval kon koop nie, GOEIE NUUS. Wessie het aangebied om weer te maak. Gee jou bestelling by die kerkkantoor op. 'n Bakkie (sonder samp of rys) sal R60 kos. Betaling moet saam met die bestelling geskied. Slegs 'n beperkte hoeveelheid sal gemaak word, so moenie wag.

BOEKE: Sonja sê weereens dankie vir al die boeke. Lidmate is steeds welkom om deur die loop van die jaar boeke na die kerk te bring.

Preekskets – 4 Junie 2017

PREDIKER: DS. CHRIS BARNARDO

TEMA: KAN GENADE OPRAAK?

Skriflesing: Lukas 15:11-32

Liedere:

Loflied: Lied 200:1
Verootmoediging : Lied 512:1
Wet: Lied 250: 1 en 2
Geloofsbelydenis
Doop: Lied 293:1 en 3
Uitstuurlied: Lied 510:1 en 4

Die vraag waarmee ons vanoggend konfronteer word, is: “Kan genade opraak?

Ouers droom mooi drome oor hulle kinders. Maar soms gebeur die onvoorsiene. Die ontnugtering, gevolg deur die vraag: “Wat het ek as ouer verkeerd gedoen?” En dan die reaksie. Woede, teleurstelling. Dan voel dit asof jy as ouer jou kind iets kan aandoen want jou naam is deur die modder gesleep.

Genade raak nie op nie. Nie aan hierdie kant van die graf nie… As God bereid is om sy oordeel tot die allerlaaste toe uit te skuif, dan moet jy en ek dieselfde doen. Dan moet ons vir mekaar genadig wees.”

Een ding wat ons nooit mag doen nie, is om mekaar af te skryf as ons van mekaar verskil. Immers, as die pa van die verlore seun hier in Lukas 15 bereid was om daardie einste kind wat hom prakties dood verklaar het terug te vat, dan moet ons dit ook met mekaar doen.

Kom ons kanaliseer eerder ons energie na gebed. Gebede vir ons kinders. Ons gebede is ons grootste nalatenskap vir ons kinders.

NEE, GENADE KAN NIE OPRAAK NIE!